**Donderdag 18 April 2019**
**Skriflesing: Johannes 19 vers 7 tot 27**

Ons gaan voort met ons lydenstyd-reeks. Ons gaan weer in die skoene van hulle wat betrokke was by die kruisiging probeer inklim en vir onsself afvra: "Wat beteken die kruis vir my…?"

**Ons het reeds by die Priesterhoofde stilgestaan.**
Nou kla hulle oor die opskrif bo die kruis. Jesus pas nie by hulle verwagtinge van 'n Koning in nie. Hy bevraagteken hulle motiewe en al hulle mensgemaakte reëls en regulasies. Daarom kies hulle om die Waarheid dood te maak.

Mense wat gekruisig is, het gewoonlik aan versmoring gesterf. In Johannes 19:31 sien ons dat die godsdienstige Jode so bekommerd is oor hulle wette, spesifiek in verband met die hou van hulle Sabbatdag, dat hulle vir Pilatus vra dat Jesus se bene gebreek moet word. Dan sal Hy Homself nie teen die kruis kan opbeur nie en sal Hy gouer sterf. Hy moet net nie op die Sabbatdag sterf nie, want hulle wette verhoed hulle om op die dié dag iemand van die kruis af te haal.
Laat jy toe dat mensgemaakte wette en tradisies jou lewe beheer of leef jy volgens die liefdesopdrag van Jesus?

**By die kruis vind ons 4 dobbelende soldate.**
Vier dobbelende soldate is onwetend deel van God se groter plan wat nie ontspoor nie. Hulle het sy boklere in 4 verdeel en oor sy onderkleed geloot sodat gebeur soos die Bybel dit al in Psalm 22 vers 19 voorspel het: "Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel."
Deur nie een van sy bene te breek nie het die soldate die Skrif wat ons in Psalm 34 vers 21 kry, vervul.

Soos die soldate is ons, baiekeer onwetend, almal deel van 'n groter Goddelike plan wat aan die afspeel is. God is die outeur van die verlede, hede en toekoms.

**By die kruis vind ons ook 4 vroue**
**Maria, moeder v Jesus** en haar suster (waarskynlik Salomé – Markus 15 vers 40).
In Maria se lewe is daar 2 tekste wat uitstaan. Nadat 'n engel vir haar vertel het van Jesus se geboorte sê sy: "Ek is tot beskikking van die Here, laat met my gebeur wat U gesê het." (Lukas 1 vers 38)
En dan is daar Simeon se woorde aan Maria as hulle die klein seuntjie tempel toe vat: "[34]Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. [35]So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan." (Lukas 2 vers 34-35)
Maria is die enigste mens wat by Jesus se geboorte en sterwe teenwoordig was. Reeds oor Sy krip hang die skaduwee van Sy kruis. Kort na Sy geboorte moet hulle voor die wrede koning Herodus vlug vir Sy lewe. By die kruis sien sy hoe die mense wat Hy kom verlos het, haar seun verwerp en uiteindelik kruisig. Ek dink nie ons kan ons eers begin indink in die swaard van pyn en hartseer wat deur haar siel gaan wanneer sy haar seun so sien ly en sterf nie.

Ek wil egter aanvaar dat Maria haar steeds tot beskikking van die Here sou stel, selfs al sou sy vooraf geweet het hoeveel sy as moeder van Jesus moes ly. Ek wil dankie sê vir elke "Maria", manne en vroue, wat die Here vandag steeds onvoorwaardelik dien. Dankie dat u uself tot beskikking van die Here stel en elke dag saam met Maria sê: "Ek is tot beskikking van die Here, laat met my gebeur wat U gesê het."

**Maria, vrou van Klopas** (waarkynlik is Klopas die persoon waarvan ons lees in die verhaal van die Emmausgangers. (Lukas 24) Daar is geen ander verwysing in die Nuwe Testament na Klopas/Kleopas nie.)

Drie dae voor die verhaal van Jesus se saamstap en lei tot geloof van haar en haar man was Maria aan die voet van Sy kruis. Daar, aan die kruis, het haar hoop en drome gesterf. Sy was naby genoeg om alles te sien en te hoor. Sy het vir Jesus sien sterf. Haar hele verstaan van die wêreld en van haar geloof het daar aan daardie kruis gesterf. As volgelinge van Jesus het hulle gedink dat Hy die Messias is. Hy is die een wat die Joodse volk sal bevry van onderdrukking. Toe vang die onderdrukkers Hom. En hulle vermoor Hom.

Maria dink dat sy haar vertroue en geloof op die verkeerde plek geplaas het. Dit is 'n reusagtige fout. Dis nie die fout van "oeps, ek het vergeet van 'n afspraak" of "oeps, ek het jou verjaarsdag vergeet" nie. Dis die fout van trou in iemand plaas en 'n jaar of twee later te ontdek dat hulle jou nog die hele tyd verneuk het. Hy is glad nie is wie sy gedink het Hy is nie. Dit is 'n fout van om jou hele lewe te bou op iets wat uiteindelik 'n leuen is. Haar geloof en verstaan van die wêreld, is verpletter.

Maria het daar aan die voet van die kruis gesien hoe meer as net 'n vriend sterf. Haar prentjie van die koninkryk van God en hoe dit lyk, is dood. Die toekoms waaraan sy die laaste twee tot drie jaar van haar lewe gewy het, is dood. Die droom wat gemaak het dat mense hul beroepe laat vaar en vir Jesus volg… is dood.

Het jy al die slegte diagnose gehoor, die gevreesde oproep ontvang of depressie beleef wat dreig om jou lewe in duie te laat stort? Jou drome het in 'n oogwenk verdwyn. Jesus is nie wie jy gedink het Hy is nie. Soms voel dit vir jou of Hy dood is. Dit is nie verkeerd om so te voel nie. Dit is wat Maria, die vrou van Klopas, hier by die kruis gevoel het.

**Maria Magdalena**
Jesus het 7 bose geeste uit Maria Magdalena uitgedryf. Sy was 'n vroeë volgeling van Jesus. Sy het saam met Hom gereis en bygedra om in die groep se behoeftes te voorsien. Sy het opreg omgegee vir ander. Toe al die ander dissipels behalwe Johannes weggekruip het, was sy by Sy kruisiging. Na Sy opstanding is sy die eerste aan wie Hy verskyn en word sy ook die eerste getuie van Sy opstanding. Haar geloof was kinderlik opreg en eenvoudig. Om te glo was vir haar meer belangrik as om alles te verstaan.

As ons in hierdie Maria se skoene staan, dan ontdek ons dat ons nooit so boos kan wees dat Jesus by ons verbystap nie. Nie een van ons se verlede is so sleg, dat Hy nie vir jou as Sy dienskneg kan gebruik nie.

**By die kruis vind ons net een dissipel, Johannes**
Johannes was ambisieus. Hy wou belangrik wees. Daarom het Hy vir 'n ereplek in Jesus se Koninkryk gevra. Hy het ook maklik veroordeel. Toe die Samaritaanse dorp nie vir

Jesus verblyf wil gee het hy, saam met sy broer, vir Jesus gevra dat die dorp deur vuur verteer moes word. Hieroor het Jesus hom skerp tereggewys. Jesus het hom en sy broer, waarkynlik oor hierdie insident, seuns van die donder genoem.

Hy was later 'n leier in die kerk in Jerusalem. Volgens oorlewering is hy in 'n groot pot met kokende olie gekook tydens 'n vlaag van vervolging in Rome, maar hy is wonderbaarlik van die dood gered. Hy skryf die Johannes evangelie. Uit die Bybel weet ons dat hy verban is na die eiland, Patmos. Daar het hy die Openbaringboek geskryf. Johannes is later vrygelaat en het na wat vandag moderne Turkye is, teruggekeer. Hy het as 'n ou man gesterf, na alle waarskynlikheid die enigste apostel wat vreedsaam gesterf het.

Ons weet nie waar Jesus se  broers en susters was terwyl hy aan die kruis gehang het nie. Van hulle is wel weer na Sy hemelvaart teenwoordig in die bovertrek in Jerusalem waar hulle vir die uitstorting van die Heilige Gees wag. In die afwesigheid van Jesus se broers en suster, stem Johannes in om Jesus se ma, Maria, as sy moeder in te neem.

Ek vind Johannes in my as ek soms so belangrik wil wees en maklik veroordeel. Die wonderlike is dat die Here my, ten spyte van my tekortkominge, steeds gebruik om Sy Koninkryk te laat kom.
**Amen**